
# KAARTE

Kyk na die kaart van die dorpie en voer die instruksies uit.




1. Kleur die skool oranje in.
2. Kleur die Supermark geel in.
3. Kleur die biblioteek blou in.
4. Kleur Marie se huis rooi in.
5. Kleur die twee parkies groen in.
6. Kleur Gawie se huis pers in.
7. Marie wil graag skool toe stap, maar sy ken nie die pad nie. Neem jou blou kleurkryt en teken vir Marie 'n pad van haar huis af na die skool.
8. Gawie het melk gaan koop by die Supermark, maar hy kan nie die pad na sy huis onthou nie. Neem jou groen kleurkryt en teken 'n pad vanaf die Supermark na Gawie se huis.